




Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika

Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074

E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Lewensvaardighede 2 (Skeppende Kunste) – Graad 5

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n swart of blou balpunt- of swart kokipen te gebruik. (Gebruik asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, tippex of gom nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)

Voorbeeld 1:- 4. a b d

Voorbeeld 2:- 4. a d

Titel van Toneelstuk: Oerwoudmanie

Plek: Diep in die oerwoud.

Rekwisiete: Die voorkant van die verhoog het oorhangende slingerplante en baie ander plante. Op die agtergrond is 'n doek met antieke ruïnes. Aan die linkerkant van die verhoog is 'n hut. Aan die regterkant is 'n groot rots.

Musikale nommers:

- a) Hoe wens ek
- b) Rotsrand diere rock
- c) Oerwoud rap
- d) Blou blom



Eerste bedryf


Verteller: Ons waag dit diep in die oerwoud om 'n seun te vind wat op driejarige ouderdom wees gelaat is toe hul vliegtuig in die kraaines van takke neergestort het. Hy is deur 'n trop sjimpansees aangeneem. Hierdie trop het sy familie geword. Nou die dag was die oerwoud aan die gons. Daar was gevaar. Diere, soos die seun, maar groter as hy, kom by die ruïnes aan. Hulle is besig om te graawe en deur die ruïnes te gaan. Hulle het growwe stemme. Die seun was opgewonde maar bang. Hy was lief vir sy nuwe familie, maar het ook vae herinneringe aan sy pa en ma gehad. Hy wou nie sy nuwe familie in gevaar stel nie en so het sy dilemma begin.

[Oerwoudgeluide vul die verhoog. Die dansers en sangers kom binne – Hoe wens ek]



1. Watter van hierdie geluide sou jy NIE op die verhoog hoor NIE?

- (a) Snaterende apies
- (b) Trompetterende olifante
- (c) Kwakende paddas
- (d) Grommende ysbere



Die hoofspeler, Seun, wat nou 10 jaar oud is, sing die eerste lied, 'Hoe wens ek'. Lees die woorde van die verteller.

2. Waarvoor dink jy wens hy?

- (a) Hy wil die oerwoud red.
- (b) Hy wil sy ouers sien.
- (c) Hy wil die regte besluit neem.
- (d) Hy wil in 'n vliegtuig vlieg.

3. Wat het met Seun se ouers gebeur?

- (a) Hulle het nog in 'n ander land geleef.
- (b) Hulle is in 'n vliegongeluk dood.
- (c) Hulle is die mense wat hy by die ruïnes gesien het.
- (d) Nie een van hierdie keuses is korrek nie.

4. Wie is die 'ander diere' wat dieselfde as Seun was?

- (a) Mans
- (b) Apies
- (c) Vrouens
- (d) Kinders

5. Watter naam gee ons aan al die spelers in 'n toneelstuk?

- (a) koor
- (b) geselskap
- (c) orkes
- (d) gemeente

